Ander boekies deur Bertha Dudde

1. Wêreldgebeure; ;
2. Wêreldwye katastrofe
3. Die Antichris;
4. Tekens van die Eindtyd;
5. Wat die wêreld te wagte staan;
6. Die Voorloper;
7. Tekens van die Tye;
8. Die wederkoms van die Messias;
9. `n Tyd van Ellende;
10. Die Drie-eenheid;
11. Die hernude kluistering;
12. Die nuwe aarde;
13. Onderrig en bemoediging vir Sy dienare;
14. Die stryd teen JaHshua Messias (Jesus Christus);
15. Die waarheid is uit God;
16. God skenk Sy barmhartigheid aan die deemoedige;
17. Stryd met die swaard van die mond;
18. Golgotha;
19. Oor die ware gebed;
20. Die toekoms word die teenswoordige;
21. JaHshua troos jou;
22. Geregtigheid en Barmhartigheid van God;
23. Julle het tog `n Vader;
24. Siekte en Leed;
25. Geestelike Nood;
26. Die onse Vader;
27. Die geheim van Menswees; God Self oor Golgotha.
28. God Self oor Golgotha.
29. Liggaam, Siel, Gees
30. Oorsprong van die Bose
31. Reïnkarnasie
32. Die innerlike stem
33. Vrae oor die wêreldruim
34. Beproewings en Versoekings
35. Die Hemelliggame en vele ander

Die Openbaringe aan Bertha Dudde

Boek 4

Tekens van die Eindtyd

deur die innerlike Woord

Gedruk, geset en versprei deur:

Die Lorber Stigting

Posbus 1130

Hartebeespoort,

0216

Tel: (012) 376 4304

Of 078 140 6677

Faks: 086 718 4749

Reken die natuurgebeure daarom net soos `n einde, want baie mense sal hulle einde daarby vind en hulle lewe sal nie meer lank duur nie. Wees daarom nie te lighartig nie en berei julle voor, ook wanneer die aardse lewe om julle heen skynbaar so ontwikkel dat dit alleen maar kan dui op `n opbou en opbloei.

Slegs een enkele dag en alles sal vergaan, en die aarde sal aan die vernietiging deur die natuurkragte ten prooi val. Die oorlewendes sal dan verskriklike beelde te sien kry, omdat dit My wil is dat hulle nog tot besinning moet kom en die laaste barmhartigheidstyd wat tot aan die einde sal bly, kan benut.

Alles word vervul volgens die woord wat Ek julle mense laat verkondig het deur sieners en profete, en julle sal die waarheid van My woord spoedig ondervind. En salig is hy wat My woord aanneem en dan die weg vind tot My, want hy sal steeds `n uitweg in groot nood vind. Hy sal My hulp sigbaar ervaar wat Ek aan almal wat na My roep, beloof het.

Want daarom spreek Ek tot julle sodat julle vroeg reeds om krag kan bid en dan ook in die grootste nood, as julle enkel en alleen op My hulp aangewys is. Julle sal die hulp ook verkry, want Ek vergeet nie MYNE nie. Maar sorg dat julle tot MYNE gereken word, roep My aan in julle nood en Ek sal julle verhoor.

AMEN

moet luister na wat God se bodes aan hom verkondig en sy lewe daarvolgens inrig. En hy sal sekerlik goed daaraan doen, want die tyd wat julle toegestaan was tot die rypword van julle siel, loop ten einde. AMEN

ONGELOOF AAN DIE EINDE

BD 7549 - 15 Maart 1960

Daar is geen meer langer uitstel tot die einde nie. En as julle glo dat die voorspelde einde in die verre toekoms lê, sal julle verras wees hoe die voortekens toeneem en wat duidelik sigbaar word in welke uur julle leef. Alles sal egter op `n natuurlike wyse plaasvind, en dit gee julle steeds weer die hoop dat die einde nog lank op homself sal laat wag. Tog moet julle wil vry bly tot die laaste dag, want onder dwang kan julle nie julle doel bereik nie. En die doel bestaan daarin om die verbinding met My te herstel, in vrye wil die hande na My toe op te hef en My aan te neem, wat julle tot nog toe nie wil aanvaar nie. Daarom sal die aardse lewe groot eise aan julle stel en julle sal baie aardse bekommernisse moet verdra, maar julle sal steeds die geleentheid hê om julle na My toe te wend. Alles sal homself egter voor die einde op `n heeltemal natuurlike wyse afspeel, wat die ontwaakte egter as laaste teken sal sien.

Wanneer Ek steeds weer vir julle aankondig dat julle kort voor die einde staan en julle slegs nog weinig tyd toegestaan is op die aarde, dan moet julle die aankondigings ernstig neem en dit nie in die toekoms plaas soos wat die mense dit doen nie. Julle moet die woorde so verstaan soos dit vir julle gegee word, dit wg1il sê "woordeliks neem" en julle sal goed daaraan doen. - Want die tyd het gekom waarin die ou aarde gereinig gaan word en `n nuwe aarde weer sal ontstaan.

Maar al spreek Ek julle nog so dringend aan en julle dit nie wil glo nie, en Ek kan julle geen ander bewys kan gee vir die waarheid van My woord as dat julle baie spoedig verras gaan word deur `n natuurkatastrofe - en wat dan ook netso sekerlik op die einde kan reken. Weet julle egter of julle die eersgenoemde gaan oorleef, of selfs aan die natuurkatastrofe ten offer sal val?

DIE OPENBARINGE VAN BERTHA DUDDE
Boek 4
Tekens van die Eindtyd

INHOUDSOPGAWE

Voorwoord	5
Tekens van- en verwysings na die einde	5
Logiese motivering van die wêreldgebeure	7
Hernude verwysings na katastrofes en oorlog	9
Die einde kom vas en seker	11
Voortekens van die wêreldkatastrofe	13
God se besluit is onafwendbaar	15
Weer net soos voor die tyd van die sondvloed	17
Tekens van die eindtyd	20
Tekens van die einde	21
Ongeloof voor die einde - Aktiwiteite van Satan	23
Waarskuwende woorde oor die einde	25
Buitengewone gebeurtenisse- Tekens van die nabye einde	27
Agteruitgang van die plantegroei - Storms - Noodweer	28
Die tekens van die eindtyd	29
Eindaankondiging en tekens van die tye	30
Aangaande die voorspellings oor die einde	31
Eindvermaning	36
Ongeloof aan die einde	38

DIE OPENBARINGE VAN BERTHA DUDDE

(VANAF 1937 TOT 1965 ONTVANG)

PROFETIESE WOORD VOLGENS DIE BELOFTE IN JOHANNES 14:21

Bertha Dudde het meer as 9000 (nege duisend) openbaringe ontvang vanaf 15 Junie 1937 tot by haar heengaan op 18 September 1965, deur die "innerlike woord". Die openbaringe van die Heer wat Bertha Dudde ontvang het, is gegee in `n taal wat vir elke mens verstaanbaar is.- Dit is dus aangepas vir die begrips-vermoë van die mense in die huidige tyd. In die monoloogvorm gee die Heer ons deur Bertha Dudde vele openbaringe oor ons verhouding tot HOM, en oor die geweldige gebeurtenisse wat in ons tyd moet plaasvind. Daarom mag ons ook uit oortuiging oor Bertha Dudde spreek as die profetes van die eindtyd. Wie Bertha Dudde was en hoe sy geleef het, is in `n kort biografie vermeld in hierdie boek.

en steeds weer sal dit volgens God se wil wees, wat probeer red wat nog te redde is. Want nie elkeen sal in staat wees om dit wat homself nog op aarde voor die einde sal afspeel, te oorlewe nie. Bowendien kan dit nog `n besondere barmhartigheid beteken wanneer `n mens die aarde vroegtydig kan verlaat, om in die ryk hierna nog `n moontlikheid te vind vir die rypwording van sy siel - omdat hy op aarde nalatig was in sy siele arbeid.

As julle vooruit kon sien, sou julle waarlik geen tyd meer bestee het aan wêreldse werk nie, maar julle oogmerk slegs gerig hou op die arbeid vir julle siel. Want alle wêreldse moeite en sorge sou julle as nutteloos erken ten aansien van wat voor julle lê. Julle mag egter nie gedwing word tot julle lewenswyse nie, julle moet die korrekte weg vrywillig inslaan en tevrede wees met die vermanings en waarskuwings wat God aan julle deur Sy woord voorhou. - Maar julle moet dit ook opvolg, want dit sal vir julle `n seën wees.

Wie sy oë en ore oophou, kan self sien hoe dit in die wêreld tekere gaan, hoe chaos oral te sien is wat onherroeplik `n allernoodlottigste einde tot gevolg sal hê. En hoor hy nou God se woord, hoor hy Sy dienare wat hulle aan hom verkondig, dan sal dit vir hom maklik wees om sy lewenswandel dienooreenkomstig te gaan. Ten minste sal hy glo hoe naby hy voor die einde staan, wanneer hy glo wat God vir hom deur Sy bodes laat sê. Daar is nie meer baie tyd ter beskikking nie, maar tog was dit voldoende om julle siel nog haar nodige rypheid te laat verkry as julle die arbeid maar ernstig ter hand sou geneem het. As julle julleself besig sou hou om goed te wees, julle medemens liefde te skenk, dade van onbaatsugtige naasteliefde te verrig, julle blik tot God te wend en julle hart en oor te open wanneer Hy julle aanspreek.

Julle moet slegs die korrekte wil hê en God daartoe bid om krag en barmhartigheid, dan sal Hy julle ook waarlik bomate met krag en barmhartigheid bedeel. Hy laat niemand alleen en sonder hulp wat homself na Hom toe wend vir beskerming nie, wat `n korrekte lewenswandel wil gaan na God se wil nie. Dit word omvat deur die liefde van God en hy word so gelei dat alles wat hom oorkom tot die verkryging van sy sielerypheid sal bydra.

Maar hy moet homself ernstig besin oor sy eintlike bestaansdoel en hy mag nie aarsel nie, want daar bly nie meer baie tyd oor nie. Hy

En juis omdat Ek dit weet, dra Ek My dienare op om steeds weer van die ophande synde einde melding te maak, ofskoon hulle maar weinig geloof sal vind. Nooit sal Ek egter die dag en die uur aangee nie, wat julle egter geen aanleiding mag gee om My voorspellings na die verre toekoms te verplaas nie.

Julle weet nie hoe naby julle voor die einde staan nie, maar daar is vir julle almal groot haas nodig. Julle almal kan nie ywerig genoeg vir julle siel besig wees nie, want elke dag is nog `n barmhartigheid vir julle, omdat julle met `n goeie wil nog baie kan bereik. Gee julleself egter geen hoop om nog baie tyd te hê nie, want vinniger as wat julle dink sal die einde. En elkeen wat My woorde glo, sal homself voorberei, hy sal sy geestelike welsyn voor die liggaamlike welsyn stel en daardeur baie gewen het vir die ewigheid. AMEN

EINDVERMANING

BD 7364 - 16 Mei 1959

Met die oog op die naderende einde word julle steeds weer vermaan om julleself oor julle eintlike opdrag te besin, wat die rypword van julle siel betref en nie die vervul van liggaamlike behoeftes nie. Julle moet steeds bewus wees dat elke dag vir julle die laaste kan wees, dat julle die volgende dag reeds geen aardse goedere meer ten dienste kan staan nie en dat slegs dit vir julle oorbly wat die siel vir haarself verwerf het in haar aardse lewe.

Hoe jammerlik sal julle dan staan wanneer julle geen geestelike goedere kan aantoon nie, hoe armsalig gaan dit met julle gestel wees, ondanks groot aardse aansien en rykdom. Niks daarvan kan julle saamneem in die ewigheid nie, geestelike goedere daarenteen kan julle nie ontneem word nie, dit is julle eiendom en dit sal julle bomate salig maak by die binnegaan in die geestelike ryk. Julle almal het nog maar met `n kort lewensduur te reken. As julle die barmhartigheid gehad om reeds `n lang aardse lewe afgelê het, dank dan julle God daarvoor, maar reken ook elke dag op julle afsterwe en berei julle voor daarop, want niemand weet die dag en die uur van sy afskeid van die aarde nie.

Maar vanweë die einde sal baie mense vroegtydig opgeroep word,

VOORWOORD

Elke groot katastrofe sal ook deur waarskuwings van God voorafgegaan word en Hy sal die mense vermaan deur sieners en profete.

Maar daar is ook steeds weer mense wat sulke vermaninge, wat tog buitengewoon belangrik is vir die mensdom, probeer versag, of om dit onbeduidend te probeer voorstel.

Luister nie na hulle nie, maar hou julle by Sy woord wat steeds weer uit die Hoogte na julle toe kom.

En wanneer julle sal glo aan `n God en Skepper Wie se liefde julle in die lewe geroep het, dan sal dit julle ook nie verontrus wanneer julle op `n naderende einde gewys word nie. Julle sal dan ook weet dat julle God en Skepper julle lot in Sy Hande hou en dat julle slegs aan Sy medelye en barmhartigheid hoef staat te maak, om sonder gevaar nou ook sekerlik deur die eindtyd wat voor julle lê, gelei te word.

Slaan ag op die tekens van die tye, dan sal julle weet dat julle al midde in die tyd leef wat die einde voorafgaan, dat dit egter vir julle geen einde van verskrikking hoef te wees nie, as julle maar van goeie wil is.

M. G.

TEKENS VAN- EN VERWYSINGS NA DIE EINDE

BD 6501 - 14 Maart 1956

Onbedrieglike tekens sal die naderende einde vir julle aankondig, maar dit sal slegs herken word deur hulle wat glo - terwyl al die ander dit as natuurlike verskynsels sal verklaar en elke mens sal uitlag wat `n diepere betekenis daaraan sal toeken. Maar tog word julle mense opmerksaam daarop gemaak, en elkeen kan homself na eie goeddunke daarvoor oopstel. Dat julle egter opmerksaam daarop gemaak word, is `n onverdiende barmhartigheid, want so kan julle aan julleself werk, omdat die tekens `n ernstige waarskuwing vir julle is, as julle glo.

Daar is dus nog `n laaste tydjie van barmhartigheid wat elkeen, wat

sy aardse lewensweg nog suksesvol kan beëindig, nog kan belewe, as hy dit op die korrekte wyse benut. En tog sal die mense wat nie glo nie, onverskillig verder op hulle weg gaan en die einde sal hulle verras. Hulle siele sal die einde, wat onherroeplik sal kom, onryp belewe.

En wanneer julle mense nou voortdurend vermaan word en daarop gewys word, dan is dit ook barmhartigheid waarop julle moet ag slaan en wat julle moet benut tot heil van julle siel. Want steeds is dit God Self wat julle deur sulke waarskuwings nader, wat egter so gegee word sodat dit aan julle die vryheid van julle wil laat en wat elkeen vry laat om met `n einde rekening te hou al dan nie. Maar hulle wat sal glo, sal `n aansienlike voordeel hê, omdat hulle hulle lewenswandel daarvolgens sal rig. Hulle sal moeite doen om volgens die wil van God te lewe en om nog te groei tot aan die einde. Maar tog sal `n volkome oortuigde geloof nog maar by baie weinig mense gevind word, want dit is `n te geweldige gebeurtenis wat aan die mense verkondig word.

Dit sal `n gebeurtenis wees wat niemand vir homself kan voorstel nie en wat ook nog nooit beleef was solank mense die aarde bewoon het nie. Want alle beëindigings van vorige verlossingsperiodes het verskillend afgespeel en nooit sal dieselfde gebeurtenis homself herhaal nie. Dit is dus glad nie moontlik om te bewys hoe die oplossing van die skeppings plaasgevind het nie.

Maar die woord van God is die waarheid en Hy spreek gedurende elke tydperk deur sieners en profete en verkondig wat ons te wagte staan, maar sonder tydsaanduiding. En daarom twyfel die mense steeds aan hierdie soort van openbaringe, terwyl die wat glo, salig genoem kan word.

Dit sal nie lank meer duur nie, dan sal die aarde `n nuwe fase van ontwikkeling ingaan en dan begin daar `n nuwe periode met heeltemal ander verhoudinge en lewensvoorwaardes. Die mense van dié periode sal in `n toestand van rypheid gekom het wat ook ander lewensomstandighede en opgawes vra om hulle ontwikkelingsweg te voleindig. Julle kan met sekerheid aanneem dat die tydsduur van julle lewe begrens is, dat min die normale aardse lewensduur sal voleindig, maar eerder opgeroep sal word in hulle jong jare om die aanstaande einde te belewe. Daar kan egter slegs op die einde

aan hulle siele. Hy verstaan dit om hulle blik te rig op lokkende doelstellings wat julle mense nie kan bereik nie, want My plan is vasgestel sedert die ewigheid.

Dat Ek julle `n blik in die verlossingsplan gun, sal julle geloof dus onder geen dwang plaas nie, Ek wil slegs aan julle mense die moontlikheid gee om te kan glo – omdat die beweegredes, wat My aanspoor tot die beëindiging van `n verlossingsperiode, vir julle uiteengesit moet word.

Verder moet aan julle die doelmatigheid van so `n beëindiging verklaar word, waardeur julle self ook al die gebeure om julle heen kan volg en dan ook erken dat so `n ingryping van My kant af noodsaaklik geword het.

Mense wat die einde alleen te vertel kry en wat sonder motivering is, is nie te veroordeel as hulle nie glo nie, ofskoon hulle ook moet nadink oor die moontlikheid van die realisering van die voorspellinge. Die wat egter gewillig is en tog bedoel om nie te glo nie, sal ook met My verlossingsplan in kennis gestel word. - Hulle word die kennis gegee van My werke en bestuur en die beweegredes sal hulle nie kan ontken nie, want My Liefde en Wysheid het altyd die beste wil vir die siele van die mense en is duidelik sigbaar.

Beskou julle mense die einde van die aarde slegs as straf, dan sal julle julleself teen My leer verset. Beskou julle dit egter as `n reddingsdaad vir die mens as falende geestelike en die gekluisterde geestelike wat nog in die skepping vassit, wat ook eenmaal uit die diepte na die hoogte moet kom, dan sal dit vir julle ook moontlik wees om `n God van Liefde en Wysheid te erken, en julle sal ook die einde van die aarde as geloofwaardig aanvaar.

Op welke trap van ontwikkeling die mense op aarde hulleself nou bevind kan alleen Ek beoordeel, hoewel julle self ook die lae geestelike peil daarvan sou kan insien. Ek weet egter al van die ewigheid af wanneer die herstel van My ordening homself moet voltrek, wanneer Ek die drifte van My teëstander moet teengaan en wat daartoe nodig is, sodat die aarde weer as rypwordingstasie vir die nog onvolmaaktes kan dien. Ek alleen weet wanneer die laagste peil bereik is en die tydstip gekom het waarop My teëstander se werke verhinder moet word.

van die mense bereken is. En dit kan elke mens met `n goeie wil insien dat alle mag in My as God en Skepper gesetel is.

Die meeste mense sal egter altyd betwyfel dat hulle self in die tyd lewe waarin al die voorspelde eens hedendaagse werklikheid sal word. Dit is vir dié mense iets ontsettend om hulleself `n einde van die aarde te moet voorstel, dit is iets waaraan baie min mense kan glo, behalwe as hulle alreeds so `n diep geestelike kennis besit dat hulle ook van `n oplossing van die geskape aarde en die ontstaan van `n nuwe aarde, die rede en doel kan insien.

Maar van hulle sal daar maar steeds weinig wees. Die mense sal die aarde nie heeltemal verloën nie en dus nie aan `n einde kan dink nie, nog tot hom wil behoort wat die einde gaan belewe. Hulle beskou die einde wel as moontlik in die toekoms, maar dink nie dat dit nou gaan gebeur nie. Maar ook die twyfel mag hulle rustig behou ter wille van hulle sielerypheid, hulle moet egter sulke gedagtes ook in oorweging neem - dit sal hulle nie tot skade wees nie.

Elke geloofsdwang sou egter skadelik wees en sal nooit van My kant af uitgeoefen word nie, om welke rede Ek maar net op die tekens wys en nooit die dag van die einde aangee nie. En tog sê Ek steeds weer vir julle; julle staan kort voor die einde.

Menslik gesien kan julle die geestestoestand van die mensdom nie beoordeel nie, julle kan die diep geestelike duisternis nie sien wat oor die aarde lê nie. En julle weet ook nie van die stryd tussen Lig en duisternis wat huidiglik so bomate woed nie. Julle weet nie dat die aktiwiteit van die duisternis homself uiter in die verspreiding van onwaarheid, verkeerde leerstellings en openlike leuens nie, omdat julle nie kan begryp hoe mateloos diep die dwaling is waarin die denke van die mense homself beweeg nie.

Slegs die suiwer waarheid gee opheldering, waar soek en vind julle mense egter die waarheid? - Julle glo wel om die waarheid te besit, maar as julle die geestestoestand van die mense met ontsetting deurgrond, sou julle dit ook normaal vind dat aan die toestand `n einde gemaak moet word. Waar julle mense `n lig vermoed het, het die vors van die duisternis al `n verblindende lig aangesteek wat julle oë nog meer verswak, sodat julle niks kan sien nie. Hy verstaan werklik die kuns om die mense weg te hou van die arbeid

gewys word, sonder bewyse, terwille van julle wilsvryheid, maar neem die aanwysings ernstig op en dit sal julle nie berou nie.

Leef so asof more die laaste dag is, want die wêreld kan julle alleen maar waardelose dinge bied wat julle nie met julle kan saamneem na die ewigheid nie. Slegs `n korrekte lewenswandel volgens die wil van God kan julle geestelike besit nog dermate vermeerder sodat die einde van die aarde die poort vir julle kan open tot die ewigheid, waarin julle ryk geseënd aan skatte kan ingaan. Dit sal julle geen skade berokken wanneer julle meer rekening moet hou met `n einde as met `n langer duur van julle aardse lewe, want julle leer dan om nog bewustelik te lewe op aarde. En hou julleself dan ook besig met gedagtes aan die ewigheid, aan God en Sy ryk, en julle sal maar net na volmaaktheid strewe. Daar is vir julle nie veel meer tyd oor nie, gebruik dit daarom na die beste van julle vermoë en die seën sal nie uitbly nie. Want daarom word daar voortdurend op die einde gewys, sodat julle aan die einde kan dink en daarvolgens kan leef op aarde.

AMEN

LOGIESE MOTIVERING VAN DIE WÊRELDGEBEURE

BD 6588 - 4 Julie 1956

Vir mense wat geheel en al in die wêreld staan, is dit moeilik om te glo aan wat julle, My dienare op aarde, in My opdrag aan hulle aankondig. Dit lyk vir hulle so onwaarskynlik dat hulle dit eerder `n fantasie noem as om julle woorde ter harte te neem, en met die waarskynlikheid daarvan rekening te hou. Want wat julle vir hulle verkondig, pas nie in die program wat hulle vir hulleself gemaak het van hulle lewe op die aarde nie. Die geloof hieraan vereis `n hele verandering van hulle gedagtes van die een gebied na die ander, en hulle sien nie die noodsaaklikheid daarvan in nie. Hulle wil van hulle lewe geniet en daarom lewe hulle in die eerste plek hulle egoïsme uit, en die gevolg daarvan is weer `n verduisterde geestestoestand. Dit word steeds donkerder in hulle en My ryk trek homself steeds verder van hulle terug, in plaas daarvan dat hulle

dit in besit neem.

En tog kan Ek hulle nie aan hulle lot oorlaat nie. Ek kom steeds weer na hulle toe en laat steeds meer dikwels deur sieners en profete dit verkondig, wat hulle te wagte staan. En so klink hierdie vermanings ook vir hulle, te midde van die wêreld, en waarskuwings om die opmerksaamheid van die mense na `n gebied te lei wat hulle andersins nie betree nie. En daar kan vir hulle redding niks anders gedoen word nie as dat Ek hulle Self deur My dienare laat aanspreek nie, want dit is die natuurlikste manier om My te openbaar, omdat dit nie tot geloof dwing nie en tog somtyds sukses het.

Die verwysing na die einde en na die natuurkatastrofe wat die einde sal voorafgaan, word steeds weer op verskillende maniere vir die mense voorgehou. Sowel in verband met die verkondiging van My evangelie van die liefde, asook in verhouding tot die wêreldgebeure, wat die mense sal laat dink, en dat die verkondigers van My evangelie uit hulle pad sal moet gaan, maar dat hulle tog aangespreek moet word. Waar My woord nog aangehoor sal word, is die verbinding met My ook nog voorhande, of nog nie verbreek nie. Dit sal makliker wees om die komende gebeure te laat glo, omdat daar altyd op `n einde van die aarde gewys word deur My woord, net so op die tekens wat so `n einde aankondig.

Dit is uiters moeilik om die mense te benader om hulleself heeltemal los te maak van kerklike organisasies; wat hulleself na die wêreld wend of alleen nog maar wêreldse gewin tot hulle lewensinhoud maak. Ook dit wil Ek aanspreek, en waar dit nie deur My werktuie op aarde moontlik sal wees nie, kan Ek alleen nog deur die wêreldgebeure spreek. Ongevalle, katastrofes en vernietigings deur die natuur kan hulle miskien nog tot nadenke stem en dan is dit moontlik dat hulle sulke gebeurtenisse in verband sal bring met die voorspellings van `n naderende einde, wat ook nie hulle ore sal verbygaan nie, selfs as hulle nog dienare van die wêreld is. - En dit sal in die komende tyd nie aan oproepe ontbreek nie, wat in My opdrag, die mense moet wakker skud uit hulle diep sieleslaap. Ek wil hom wat geheel afsydig staan ook nog wen, op wie kerklike geloofsleringe geen vat het nie, wat egter aan `n duidelike verklaring van die doel en die betekenis van die

die mond van sieners en profete aan te spreek en hulle voorligting te gee oor die oorsaak en die gevolge van die menslike lewe. Maar Ek moet hulle steeds die vryheid van hul wil laat, om geloofwaardigheid aan die verkondigers van My woord te skenk of nie.

Maar vinniger as wat julle dink sal die lot homself ontvou. Almal van julle, wat nie vooraf die barmhartigheid opgeroep het nie, sal die tyd moet belewe, want My verlossingsplan is vasgelê sedert die ewigheid en sal ook ten uitvoer gebring word. Want die tyd is vervul wat aan die geestelike in die verlossingsperiode toegestaan word tot vrywording uit die gekluisterde vorm. En selfs die baie kort tydjie wat vir julle nog tot die einde oorbly, kan vir hulle vrywording voldoende wees, as julle dit maar ernstig te kenne wil gee om julle aardse lewensdoel te vervul en bewustelik na My te strewe. Wanneer julle tot My bid om hulp vir julle voleinding, sal julle bede sekerlik beantwoord word. Ek sal julle help uit elke aardse nood en julle in diep erbarming na My toe trek, sodat julle nie weer verlore sal gaan vir `n eindelose lang tyd nie, wanneer die einde van die aarde gekom het. AMEN

AANGAANDE DIE VOORSPELLINGS OOR DIE EINDE

BD 6482 - 22 Februarie 1956

Nooit sal Ek die mense die presiese tydstip van die einde aangee nie, want dit sou nie vir hulle geestelike ontwikkeling van nut wees nie. In hul geheel vrye wil moet hulle omhoog strewe en uit eie beweging die heil van hulle siel soek en om dit te bevorder, egter nie uit vrees wat deur die aankondigers van die vasgestelde uur van die einde opgewek sou word nie.

Ek sal julle mense oor die uur van die einde altyd in die duister laat, wat egter nie uitsluit dat die einde tog sal kom nie. En dat dit eenmaal sal kom, is aan julle mense voorspel sedert die begin van die verlossingsperiode, al is daar maar `n deel van die voorspellings aan julle bekend. Daar is begrensde verlossingsperiodes in My verlossingsplan vasgelê en dit omvat altyd `n bepaalde tydsduur, welke duurte deur My kennis van die ontwikkelingsproses

twyfel aan die korrektheid van alle boodskappe wat Ek na die aarde toe stuur. Tog sal dit nie lank meer duur voordat die voorspellings vervul gaan word nie, want My woord is die suiwerste waarheid: - Die feit dat die mense nie baie tyd meer oor het vir die verandering van hulle wese tot liefde nie, laat My steeds weer wys op die einde en Ek vermaan hulle ernstig om na My woord te luister en dit gee My aanleiding om julle ernstig aan te spoor om na My woord te luister en daarmee ooreenstemmend julle lewe te lei.

Die mense wil egter nie glo nie, en Ek mag geen dwang uitoefen op hulle denke en wil nie. Ek kan aan hulle alleen bekend maak wat hulle te wagte staan, en moet hulle `n vrye wil laat hoedat hulle sulke bekendmakings sal waardeer en benut. En omdat dit aan die einde oor `n gebeurtenis gaan wat nog nie op die aarde plaasgevind het nie, omdat die mense niks van so-iets dergeliks weet nie, vat hulle geloof ook moeilik daaraan, ofskoon Ek vanaf die begin van die aardse periode steeds weer op die einde gewys het.

Maar hulle moet ook op die tekens ag gee wat Ek voorspel het, want hulle sal sien dat die voortekens sal toeneem en dat daar ook suiwer wêreldlik gesien `n verandering moet kom, omdat alles oortrokke word. Die mense bevind hulleself op so 'n vlak dat dit hulle tot nadenke moet stem. Daar heers geen liefde meer nie en die mens oortref hulleself in liefdeloosheid. Daar is geen harmonie meer in die samelewing nie, hulle is vyande van mekaar en laat onedele luste en hartstogte die vrye loop neem. Hulle jaag materiële goedere na en strewe geen enkele geestelike binding na nie. Dit is soos dit was in die tyd van die sondvloed, want die mense het slegs wêreldse genot gesoek en het ook op onregmatige wyse materie aan hulleself verskaf, omdat die liefde heeltemal verkoel het.

Wie dus met oop oë om homself heen kyk, sal reeds die tekens van die eindtyd kan herken. Hy sal weet dat die vereffening ook eenmaal moet kom en dat die mag en regverdigheid van `n God eens tot uiting sal moet kom, as daar tenminste nog aan `n God geglo word. Ontbreek die geloof, dan het die mense waarlik op so 'n lae vlak gekom, dat dit ook `n einde van die aarde oproep.

Maar daar kan van My kant niks anders gedoen word as om steeds weer te wys op die einde nie; as om steeds weer die mense deur

skepping en aan die lewensopgawe van die mens, gewilliger hulle oor sal leen. Daarom moet aan hulle `n logiese motivering vir die wêreldgebeure gegee word, sodat hulle tot die geloof in `n hoër Mag gebring kan word wat vol Liefde en Wysheid heers in die heelal.

Ek beskik oor baie middele en weë, dus het Ek ook dienare op aarde nodig wat oor verskillende aanlegte beskik en daarom tot arbeid van verskillende aard in My wingerd aangestel kan word. Ek plaas al hierdie arbeiders werklik in op die korrekte plekke, waar hulle suksesvol besig kan wees. Maar elkeen van hulle het die opdrag om die mense van die naderende einde in te lig, want gelowiges en ongelowiges moet weet dat hulle in die laaste barmhartigheidstyd lewe wat hulle goed moet en kan gebruik om nie die einde te vrees nie.- En almal moet ook in kennis gestel word van wat Ek beoog met allerlei verskillende wêreldgebeurtenisse, met ongewone smartlike voorvalle, met siekte en nood. Want dit is slegs My liefde wat dit alles oor die mense laat kom, sodat hulle nog tot geestelike rypheid kan kom en die weg na My toe sal vind voor die einde.

AMEN

HERNUDE VERWYSINGS NA KATASTROFES EN OORLOG

BD 8717 - 6 Januarie 1964

Die komende tyd sal julle buitengewoon belas; want met die wêreldgebeure sal `n nuwe fase intree. Die onrus onder die volke sal toeneem, elkeen sal in die ander `n vyand sien en daar sal niks ernstigs onderneem word om vrede te stig nie, ofskoon alle mense daarna sal verlang.

Maar die materialisme sal die dryfkrag vir alle planne en voornemens wees, want elkeen probeer om die grootste voordeel te behaal. Maar geen mens sal regverdig in sy denke en gesindheid, en deur goeie gevoelens gedrywe wees nie - en die slae van hulle lot sal die angs en onrus versterk.

Want op hierdie manier probeer God Homself nog aan die mense kenbaar te maak, omdat alleen die geloof in Hom en Sy mag die ware teenwig is vir alle nood en lyding wat julle mense tegemoet gaan.

Daarom sal die katastrofes ook toeneem, sodat `n hoër Mag erken kan word, want wat van mense uitgaan, sal steeds die haat teenmekaar versterk, maar nie tot `n geestelike besinning lei nie.

Die liefdeloosheid sal vorm aanneem wat spoedig nie oortref sal kan word nie, en die toestand van onderlinge stryd tussen die mense sal bygevolg steeds `n vaster voet kry. Daar sal alles behalwe vrede onder die mense wees, ofskoon die groot brand nog nie ontsteek het nie, - wat egter nie sal uitbly nie. Die mense sal deur die lewe gaan en slegs weiniges sal daaroor nadink dat die toestand nie vir lank so sal kan bestaan nie.

Maar meestal het juis die verantwoordelik een `n verblinde gees. Daar word wel baie gepraat, maar tog is dit slegs leë woorde, waarop geen dade volg nie en die nood op aarde word nie afgewend waar dit duidelik sigbaar is nie. En omdat die gebod van die naasteliefde onvervuld bly, kan die geestelike toestand ook nie goed wees nie, ofskoon die mense in aardse welstand lewe en skynbaar niks hoef te ontbeer nie.

Maar die siele ly gebrek, want die mense is nie ontvanklik vir geestelike onderrig wat die siele tot ware voeding sou dien nie. Die mense moet met geopende oë om hulleself heen kyk en hulle eie lewe kritiseer, dan sou hulle ook dit wat nog moet kom, begryp het en ook die gebeurtenisse met die regte insig volg wat altyd aangekondig word; wat egter nou eers aan betekenisvol word in die aangesig van die swaar noodtoestand van hulle wat direk daardeur getref word.

Maar dit is die tyd van die einde, en omdat die mense geen geloof meer het nie, is die grootste beproewinge nodig om hulle nog wakker te skud. Daardeur kan enkeles nog die geloof terugwen in `n God en Skepper aan WIE hulle hulle bestaan te danke het en tot nadenke aangespoor kan word oor wat sy God en Skepper daartoe beweeg het en welke doel Hy voor oë gehad het om hom te skep?

Vir julle mense gaan dit oor lewe of dood, oor groot saligheid of ellende en pyn, oor die hoogste "lig" of oor die diepste duisternis.

ongelowiges sal hard getref word en vir hulle geld steeds die wederkerende voorspelling van `n naderende einde, want hulle kan nog verander in die kort tydjie wat nog vir hulle oorbly.

Gee tog ag op die tekens van die tye, want My eerste dissipels het Ek alreeds daarop attent gemaak. Julle staan egter reeds in die begin van `n tyd vol droefnis. Julle hoor van oorloë en van aardbewings, die ongevalle en katastrofes neem toe en julle kan in die kosmos veranderinge waarneem. Julle sien ook die strewe van die mense wat ontaard het, wat glo om in My skepping in te gryp, wat hulleself deur eksperimente, wat teen God is, laat saamsleep, wat geen goeie afloop sal hê nie.

Slaan ag op die gesindheid van die mense wat swelg in wêreldse genot, wat hard en liefdeloos is en nie aan hulle naaste dink in hulle nood nie. Slaan ag op die ongelowigheid, op hulle houding tot Jesus Christus en Sy verlossingswerk en julle sal weet dat julle reeds in die tyd leef wat die einde voorafgaan. Want ook die geloofstryd sal ontbrand met `n hardheid wat julle nie as moontlik beskou nie. Die geestelike lae peil trek die einde aan en het ook reeds die punt bereik dat My ingryping gegrond sou wees, Ek bly egter by die dag wat in My verlossingsplan van die ewigheid vasgelê is. Maar Ek sal die dag ook nie uitstel nie, want in My wysheid sien Ek ook wanneer die tyd gekom het dat `n verandering moet plaasvind. Ek sal daarom tot aan die einde toe My Stem laat hoor en die naderende einde aankondig, en gelukkig is hy wat ag gee op hierdie Stem en homself voorberei, gelukkig is hy wat die verbinding met My herstel en in geloof aan My en My beskerming alles oor homself heen laat kom. Gelukkig is hy wat tot MYNE wil behoort en My sal trou bly tot die einde toe, want vir hom voorsien Ek van ongewone krag en hy sal standhou en sal nie die dag van die einde hoef te vrees nie.

AMEN

EINDAANKONDIGING EN TEKENS VAN DIE TYE

BD 8310 - 25 Oktober 1962

Dit is die verwysing na `n naderende einde wat vir die mense ongelooflik skyn te wees, wat dit daarom afwys en wat hulle laat

leef. Steeds sal die teenwerping weer gemaak word dat `n einde altyd in moeilike tye gevrees word, en dat die aarde tog verder bly bestaan. - Dat tot My dissipels gereken het van `n spoedige wederkoms van Myself, en dat ook hulle hulleself vergis het. Sodanig sal hulle ook nou geen gehoor aan My aankondigings en geen geloof daaraan skenk nie, ofskoon Ek steeds daarop wys dat die toekoms eenmaal teenwoordige tyd sal word. Omdat julle mense nou op so `n lae geestelik peil is, maak dit `n einde van die aarde noodsaaklik, waaronder egter slegs `n totale omvorming van die aardoppervlak te verstaan is, maar geen vernietiging van die skeppingswerk aarde nie. Want die aarde moet ook verder haar opdrag in die heelal vervul, sy sal verder mense dra met die doel om hulle siele te laat rypword. Maar hierdie aarde moet weer geskik gemaak word daarvoor.

My woord is die waarheid, en wanneer Ek vir julle My woord van Bo laat toekom en My verlossingsplan vir julle mense uiteensit en julle alle samehang laat weet, dan wil Ek waarlik daarmee net bereik dat julle My waarskuwings en vermanings gelowig sal aanneem en julle houding teenoor My in ooreenstemming daarmee sal bring. Want julle moet verder kyk as net julle daaglikse lewensloop, julle moet nadink oor wat voor julle lê. Want ten eerste weet julle sekerlik dat julle moet sterwe en julle lewe self nie met een dag kan verleng nie, ten tweede dat julle afhanklik is van die Mag wat julle in die lewe geroep het.

Hierdie gedagtes moet julle ernstig in julle oorweeg, en dit sal beslis nie tot julle skade wees nie. Ek sal julle dan ook help om innerlik tot klaarheid te kom en julle met die gedagte aan `n einde vertroud laat word, en met wat die einde vir elkeen van julle persoonlik beteken.

Glo julle aan `n God en Skepper wie se liefde julle in die lewe geroep het, dan sal dit julle nie verontrus wanneer julle op `n naderende einde gewys word nie. Dan weet julle dat julle God en Skepper ook julle lot in Sy Hande hou en julle julleself slegs in Sy liefde en barmhartigheid hoef aan te beveel, om sonder gevaar deur hierdie tyd gelei te word. En die verwysing daarna sal julle nie laat skrik nie, omdat julle julleself maar net nog nader sal aansluit by julle God en Skepper, wat julle nou as Vader erken. Maar die

Wie dus wil lewe, wie salig wil wees en vir ewig in die lig wil staan, moet ook die wil vervul van sy God en Skepper.

Hy moet trag om Sy wil te ervaar en so `n lewe te lei in liefde tot God en sy naaste. Maar glo hy nie in `n God nie, dan is sy hele lewe nutteloos, hy oortree voortdurend die wet van die Goddelike ordening. En om die wette van die Goddelike ordening omver te werp, het altyd chaos tot gevolg - en julle mense gaan `n chaos nou onherroeplik tegemoet.

Dit sal nie net `n geestelike uitwerking op julle hê nie, maar ook die wêreld sal in al haar voeë kraak. - Steeds sal berigte julle weer bereik van katastrofes, ongelukke en ander onheil, want daar sal geen rus en vrede meer wees in `n wêreld wat ontbloot is van alle liefde en geloof nie.

Wie van die mense egter die weg tot God gevind het, wie sy bes sal doen om Sy gebod te hou en homself aan Hom oor te gee volgens gees en waarheid, wie tot hom sal bid en om Sy beskerming sal vra, dit sal hy ook sekerlik moet ervaar. Want die mense behoort aan Sy klein kudde wat sal volhard tot die einde toe. Hulle wat nie in die geloof sal wankel nie en wat mekaar trou sal bly en God diep in hulle hart sal dra en daarom teen die einde weggeneem sal word as hulle nie al vooraf opgeroep was na Sy ryk nie, wanneer dit volgens Sy wil is.

Julle word steeds weer opmerksaam gemaak wat voor julle lê en wat steeds nader kom. En al is julle ook kleingelowig, julle sal dit nie kan afwend nie en julle kan met volste sekerheid glo wat aan julle verkondig word. Want die bedoeling is dat die mense moet ervaar dat alles in God se verlossingsplan vanaf die ewigheid voorsien is, dat alles afhanklik is van Sy wil. Waardeur Hy, weliswaar vanuit Sy Liefde en Wysheid, handelend werksaam is om die werk van terugkeer na Hom toe te verwesenlik - en dat Hy die doel ook eenmaal sal moet smaak.

AMEN

DIE EINDE KOM VAS EN SEKER

BD 9008 - 4Julie 1965

My aankondiginge sal ook elke groot katastrofe voorafgaan. Ek sal die mense waarsku en vermaan, daarvoor het Ek ook sieners en

profete nodig om die voorspellings onder die mense te versprei. Daarom is dit verkeerd om alle voorspellings af te wys of as onwaar voor te stel wanneer dit nie dadelik in vervulling gaan nie, want alles het sy tyd nodig en reeds dikwels het Ek lank tevore gewys op die komende dinge - maar die mense skenk geen geloof aan My woorde nie.

En so kondig Ek julle nou die naderende einde van `n aardse periode aan, en Ek het dit alreeds gedoen, sodat selfs My dissipels nog die einde gedurende hulle aardse lewe verwag het. Steeds was My profesieë so gegee dat geen noukeurige tyd vir die mense aangegee was nie - sodat hulle voortdurend daarop kon reken. Want dit was altyd My bedoeling gewees dat die mense `n naderende einde voor oë moes hou. Maar die tyd staan nie stil nie, en omdat My woord onherroeplik vervul word, moet die aangekondigde einde ook eenmaal kom.

En wie in My verlossingsplan van die ewigheid ingewy is, erken ook die noodsaaklikheid van `n einde vir al die geestelike wat nog in die skepping gekluister is. En omdat hy weet van die gestadige opwaartse ontwikkeling van die geestelike, daarom is dit vir hom ook begryplik dat daar van tyd tot tyd (wat vir julle eindeloos lank is) `n totale verandering van die aardoppervlakte moet plaasvind - waardeur ook aan die geestelike wat in die harde materie gekluister is, die moontlikheid gegee word van `n opwaartse ontwikkeling.

Wanneer so `n geweldige vernietiging van die aardoppervlakte dus vir die mense twyfelagtig lyk, dan is hulle bewustelik in onwetendheid gelaat deur die kennisgewende geesteswêreld, dan moet Ek weer sulke dwalinge regstel omdat die aanstaande einde van die aarde in haar huidige vorm, vir die gehele mensdom uiters belangrik is. Want hulle loop die gevaar om heeltemal in hulle laaste wilsbeproewing te faal en moet dan weer `n ontsettende lot op hulleself neem.

Juis daarom ontvang My dienare die opdrag om die einde aan te kondig. Maar hulle moet nie alleen oor die feit van die einde berig nie, maar ook oor My rede vir alles, sodat die mense nie blindelings hoef te glo nie, maar vir alles die korrekte verklaring, volgens die waarheid ontvang. Want My liefde behoort ook aan al die gevalle geestelike en nie net aan julle mense nie, want vir die geestelike

hulle bedreig kan word nie. Hulle kan hulleself dikwels verskriklik in `n ongebonde toestand uiter, wat van God uit ook nie verhinder word nie.

Die mense in sulke landstreke sal deur buitengewone storms en verwoesting ly, wat ook die groei van alle plante benadeel. Waar die plantegroei egter skraal is, sal ander storings ook gevoel word. Daar laat die watertoestand baie te wense oor, dit wil sê die oppervlakte van die aarde versand deur gebrek aan watertoevoer. - Sodanig kan die landstreke woes en leeg word, en ofskoon die mense meen dat hulle geen invloed daarin gehad het nie, is hulle tog die eintlike veroorsakers van die onvrugbaarheid en dorheid van hele landstreke. Die gevaar lê daarin dat dit nie ingesien sal word nie en dat mense steeds weer nuwe landstreke gedagteloos aan hulle winsbejag ten offer laat val, wat meestal die oorsaak is van die woes word van gehele streke.

Wanneer die mens skeppings vernietig vir aardse voordeel, is dit `n toegee aan die mag van die bose. Vir geldwaarde gryp die mens in, in die Goddelike skeppingsplan wat aan alles sy bestemming gee; ook aan die hele plantewêreld op die aarde.

Sulke ingrypings sal ook dan die gevolge hê wat hiermee ooreenstem, ofskoon die gevolge `n bepaalde tyd nodig het en nie dadelik herkenbaar is nie. Storms en noodweer sal die oorhand kry, watersnood (droogte) sal dus plant en kulture bemoeilik, wat `n agteruitgang van die plantegroei tot gevolg sal hê. Tegelykertyd is dit `n beperking van die ontwikkelingsmoontlikhede vir die bestaande, wat sy verblyf in die plantewêreld wil neem volgens sy rypheidsgraad - maar sodoende daarin gehinder word, en wat homself in steeds nuwe storms en noodweer uiter.

AMEN

DIE TEKENS VAN DIE EINDTYD

BD 8277 – 20 September 1962

Julle kan seker daarvan wees dat alles vervul sal word wat Ek deur sieners en profete verkondig het, want die einde kom steeds nader en julle sal deur die tekens van die tyd herken in welke uur julle

geloof, en ook hulle wil Ek `n teken gee wat hulle nie tot geloof sal dwing nie

Slegs met die doel om by die mense hulle agterdog op te wek om hulle te laat nadink, laat Ek sulke ongewone eindtyd-verskynsels plaasvind. Want sodra hulle ernstig begin nadink, kan Ek deur My woord nader kom en hulle volgens waarheid onderrig; - maar eers wanneer hulle hulleself sal open vir My woord, wanneer dit vir hulle duidelik gemaak word as `n kennelike werksaamheid van My Gees. Want die suiwer waarheid kan Ek hulle slegs gee deur My woord. En slegs deur die woord uit die Hoogte kan aan hulle bewys word wat vir hulle ongeloofwaardig voorkom, wat ook nie deur tekens bewys sal word nie, omdat so-iets slegs die verstand van die mens, maar nie sy hart aanspreek nie. Steeds moet julle mense weet dat julle julleself in die eindtyd bevind, dat steeds meer tekens sal kom wat nie meer aards verklaarbaar sal wees nie en duidelik op `n andere wêreld wys. Wie dit as sodanig erken, sal daaruit seën trek, wie egter daarby sal verbygaan, sal die einde moet vrees, want dit bring sy verderf. AMEN

AGTERUITGANG VAN DIE PLANTEGROEI - STORMS - NOODWEER

BD 1888 - 14 April 1941

Dit is geen toeval dat die plantegroei van die aardoppervlak verander nie, vir sover dit betrekking het op landstreke waar menslike bemoeiing en die menslike wil beslissend hierin ingegryp het. Dit betrek in die besonder die woude (reënwoude) of boomaanplantings wat aan die vernietigingswil van die mense ten offer geval het, wat nie sonder invloed op die klimaat en op die gesteldheid van die grond sal bly nie.

So `n omkap van bome is `n groot gevaar vir die mense, as dit te vroeg geskied, dit wil sê voordat die geestelike in die plantaardige skeppings ryp geword het tot `n verder lewe in die volgende vorm. Want die vroegtydige vrygeworde geestelike verlaat nie hulle verblyfplekke nie, sonder dat hulle behoorlik skadeloos gestel word deur die bestaande wesens wat in die omgewing is en wat deur

wat nog in die harde materie gekluister is, moet die uur van vrywording uit die hardste kettings ook eenmaal kom. Hulle het reeds eindeloos lank gesmag om ook eenmaal na `n sagter vorm verplaas te word, waar die diens makliker sal wees.

En wanneer julle mense dit alles weet en die Vader Self vir julle uit die Hoogte onderrig, dan hoef julle waarlik nie te twyfel nie. Julle kan alles as die suiwerste waarheid aanneem ook wanneer Ek steeds nog wag met My aksie van vernietiging van die ou aarde, want die dag kom onherroeplik.

Jammer genoeg is daar te veel mense wat nie glo aan `n totale verandering van die aardoppervlakte nie. Dat baie eerder geloof skenk aan berigte wat van die soort mense of geestelike wesens uitgaan waarvan alle kennis oor My wyse verlossingsplan ontbreek. Maar Ek kan nie meer nalaat as om Self uit die Hoogste tot julle mense te spreek en julle alles te verklaar wat My tot My bestuur en werke aanleiding gegee het nie, en Ek moet dit aan julle oorlaat hoe julle julleself teenoor My woord gaan opstel. Dit is vir My dienare nie maklik om die woord as My woord aan te bied nie, veral as dit daarom gaan om teen dwalings op te tree, as elke geloof sogenaamd in die waarheid staan en My woord niks meer vir hulle beteken as `n woord van mense nie, of woorde uit die geestes-wêreld wat ook onkontroleerbaar is, totdat Ek self aangeroep word vir bystand. Totdat julle deur ligwesens onderrig sal word, deur wie My Geestestroom heen kan vloei, want dan sal die resultate ook saam ooreenstem en julle sal die waarheid voel, aangenome dat julle ernstig na die waarheid verlang.

AMEN

VOORTEKENS VAN DIE WÊRELDKATASTROFE

BD 1795 - 30 Januarie 1941

Voor elke wêreldkatastrofe is daar voortekens wat dit voorafgaan, sodat die mensdom die nadering daarvan kan herken, want God het alles vir almal tydig verkondig deur Sy woord. En wanneer julle sal ag slaan op Sy aankondigings, sal julle weet dat die tyd nou gekom het en dat julle julleself moet voorberei, sodat julle nie die volledige ondergang tegemoet gaan nie. Alles wat God doen en

ook nou oor die aarde laat kom, hang van die menslike wil af, dit wil sê, die menslike wil bring weliswaar nie die katastrofe te weeg nie, maar gee deur sy totale verkeerdheid aanleiding daartoe. Die menslike wil word sodanig misbruik dat `n wêreldkatastrofe die onafwendbare gevolg moet wees, want hierdie verkeerd gerigte wil kan net nog deur iets buitengewoon, - in `n sekere sin iets onnatuurlik -, in die korrekte baan kom.

Hoe meer die menslike gedagte die verkeerde rigting inslaan, des te dringender is die Goddelike ingryping nodig, want die kosbare aardse tyd gaan heen sonder om die noodsaaklike hoër rypheid aan die wesens te bring. Die misbruikte wil kan egter nooit `n hoër ontwikkeling begunstig nie, maar kan dit slegs verhinder. Die gebeurtenisse van die tyd, die steeds toenemende liefdeloosheid, die Antichristelike strewe en die deur God uitgekose verkondigers van Sy woord, moet julle vermaan dat die tyd gekom het waaroor die Heer op aarde gespreek het. En daarom moet julle ywerig wees en aan die heil van julle siel dink, al lyk dit vir julle nog so ongelooflik dat `n natuurkatastrofe oor die aarde sal uitbreek.

Bedink dat geen ding by God onmoontlik is nie en alles kan gebeur wanneer God dit wil, en dat God se wil gebaseer is op die gedrag van die mense, deur die verkeerde houding tot Hom.

Die mense is op die aarde geplaas vir `n bepaalde doel, maar as hulle nie in ooreenstemming met daardie doel wil lewe nie, laat hulle `n Goddelike barmhartigheidsgawe verbygaan en God waarsku nou nog eenmaal met onverbiddelike woorde wat niemand langs hom kan laat lê nie. Die menslike wil is dus die aanleiding tot `n vernietigingswerk van onvoorstelbare omvang, en toe die Heer dit voorspel het, het Hy alreeds die verkeerde wil van die mense voorsien. Maar Sy bedoeling is om die misleide mensdom terug te wen en Hy wend daarom die laaste moontlike middel aan wat skynbaar `n daad van onbeskryflike wreedheid is, en tog alleen die Goddelike liefde en barmhartigheid as beweegrede het. Want talryke mense sal nog daardeur tot insig kom - en hulle sal dan gered wees vir alle ewigheid.

AMEN

nog aan julleself sal moet arbei om nie beskaamd te staan voor My wanneer die uur geslaan het as Ek julle oproep van hierdie wêreld af. Geeneen van julle weet wanneer daardie uur vir hom sal kom nie, maar vir julle almal is dit nader as wat julle dink. Daarom roep My Liefde julle steeds weer toe: berei julle voor en beskou slegs dit wat dienstig is vir julle geestelike ontwikkeling, as belangrik. Al die ander is onbelangrik en sal steeds onbelangriker word hoe nader die einde kom. Dat die einde egter nader, is sekerlik waar en daarom moet julle nie twyfel nie, maar glo.

AMEN

BUITENGEWONE GEBEURTENISSE- TEKENS VAN DIE NABYE EINDE

BD 4928 - 9 Julie 1950

Alles wys op die einde en wanneer julle mense sal ag slaan op die gebeurtenisse om julle heen, sal julle ook erken dat Ek daardeur tot julle spreek, dat Ek julle deur hierdie dinge wil wys op die einde en op julle missie om leier in die laaste geloofstryd te wees. Ek wil julle geloof versterk deur My woord, maar Ek wil ook julle medemens help om te glo, hulle wat nie kan vind nie of wat te swak is om daarvoor op te kom. Ek wil op elke moontlike wyse tot julle almal spreek, sodat julle nie in die laaste stryd op aarde sal faal nie. Ek hou altyd rekening met die omstandigheid dat julle in `n bomatige materiële wêreld leef, dat julle weinig verbindinge het met die ryk waaruit die waarheid kom; dat dit vir julle baie moeiliker is om te glo, omdat julle My nie meer voldoende lewend in die hart dra nie, deurdat julle so ver wegstaan van Jesus Christus. Daarom kan julle maar weinig krag ontvang, omdat julle nie glo nie, omdat julle die gestuurde waarheid uit die geestelike ryk nie sal aanneem nie en die leermeesters, wat My dienare is, geen geloof sal skenk nie.

Desondanks wil Ek julle nie laat val nie en benader julle steeds weer met aanwysings oor die einde, met visioene van sieners wat openbaar gemaak word, met voorspellinge van profete waarvan ook hulle wat weinig weet, ook van die einde en die laaste oordeel, wil hoor. Ek weet ook van die worsteling van baie mense oor die

neem, dit te aanvaar as die suiwer waarheid en julle lewe daarvolgens in te rig.

Daar is steeds mense wat probeer om sulke waarskuwings en vermanings te versag; wat My woorde as ongeloofwaardig voorstel en probeer om dit, wat buitengewoon gewigtig, as onbeduidend te behandel, omdat dit die sielstoestand van julle vir ewig kan bepaal. Luister nie na hierdie mense nie, maar hou julleself by My woord wat steeds weer uit die Hoogte na julle toe sal kom. Ek self sorg daarvoor dat julle die kennis ontvang; en wie dit hoor moet dit ook ernstig neem en as `n liefdesbewys beskou dat Ek sy siel wil red - en hom daarom aanspreek. Ek weet wie My woord sal aanneem en al hierdie vermanings van My woord in die hart sal oorweeg en daarvolgens sal lewe, sodat dit wat moet kom, hulle nie plotseling en geheel onvoorbereid sal tref nie – dit wat moet kom, vanweë die tallose mense wat doof en blind voortlewe.

Maar julle, wat My woorde gelowig aanneem, julle sal nog baie kan bydra tot opheldering, deurdat julle die medemens daarop sal wys waarin julle reeds lank, deur My woord, `n insig gehad het. Julle sal hulle dan ook die net so seker op hande synde laaste einde kan verkondig, wat nie lank daarna sal volg nie. Want in My liefde en barmhartigheid wil Ek die mense nog `n laaste barmhartigheidstermyn gee waarin hulle die tot nog toe versuimde kan inhaal. Daarom ontvang hulle vooraf nog `n bewys van die geloofwaardigheid van die profesieë wat Ek julle mense laat toekom, op so `n natuurlike wyse, dat julle netso maklik geneig sal wees om daaraan te twyfel.

Wat in My plan besluit lê, sal onherroeplik vervul word. My plan is egter welbedag in alle wysheid en sal daarom ook nie deur My omvergewerp of verander word nie, nóg wat die wyse waarop, nóg wat die tyd aanbetref. Daarom kan julle My woord as onveranderlik aanvaar en julle lewe ook dienooreenkomstig lei. Julle sal geen spyt daaroor hoef te dra nie, want om aardse goedere te verwerf sal heel nutteloos blyk te wees, omdat julle alles weer ontneem sal word. Maar om geestelike rykdom te verwerf sal vir julle slegs moontlik wees as julle wil ernstig daarop ingestel is.

Hoor My woorde en glo aan die waaragtigheid van Hom wat dit vir julle laat toekom. En oorweeg dan by julleself met welke erns julle

GOD SE BESLUIT IS ONAFWENDBAAR

BD 8370 - 2 Januarie 1963

Dat julle voor `n keerpunt staan wat homself aards en ook geestelik sal voltrek, is verseker. En sodra julle maar net die gebeure in die wêreld, asook die lae geestelike vlak bekyk, moet dit ook vir julle begryplik wees dat die peil slegs op so `n manier verhelp kan word as `n hele nuwe ordening ingevoer word en dat hierdie orde die wet van die ewigheid is wat weer herstel moet word.

Die mense het die Goddelike ordening omvergestoot en die beliggaamde geestelike in die mens, wat sy ontwikkeling ten hoogste moes voltooi en ook kon, het totaal gefaal. En juis daarom moet nuwe moontlikhede geskep word om die ontwikkeling voort te sit, of om selfs die hele ontwikkeling van voor af aan te begin.

Vir die aarde is `n chaos vasgestel, want die mense het deur hulle begeertes na die wêreld geheel en al uit die ordening getree. Hulle staan geheel en al onder die invloed van hom aan wie die wêreld behoort, en hulle het daarom so `n lae geestelike vlak bereik dat hulle aardse lewe nutteloos geword het. Die tyd, wat as `n aardse en geestelike keerpunt beskou moet word, het daarom onherroeplik gekom. Want op aarde sal alles anders word, omdat die ou aarde `n algehele omvorming sal ondergaan en daar ook `n totale skeiding van die geestelike sal plaasvind, sodat die mense wat gefaal het, weer in die materie gekluister kan word, - en dit wat nog in die harde materie gebonde is, vrygestel kan word om die weg van ontwikkeling voort te sit in die skepping van die nuwe aarde. Die ou toestand op aarde kan onmoontlik bly bestaan, aangesien daar andersins geen moontlikheid meer sou wees vir `n verdere ontwikkeling van die geestelike nie.

Eers moet alles weer opnuut in orde gebring word, al die geestelike moet verplaas word na waar dit volgens sy rypheid hoort. Daarom moet ook die mens, wat na die materie verlang, in die toestand terugkeer wat hy reeds lankal oorwin het, maar sy bereikte vryheid misbruik het en daardeur weer weggesink het na die diepte. Dan sal daar weer Goddelike orde op die nuwe aarde heers en die mense sal hulleself binne die Goddelike ordening beweeg, omdat die nuwe aarde bevolk sal word deur diegene wat op die ou aarde

`n toestand van rypheid bereik het wat `n oorplasing na die nuwe aarde regverdig. Maar nie net die aarde sal geheel hernu word nie, maar ook die mensdom wat in geestelike rypheid `n nuwe, aardtydperk sal begin, net soos al die geestelike, wat in die skeppings gekluister is, hulp sal ontvang by die opwaartse ontwikkeling wat hulleself weer in die wetlike orde sal voltrek.

Julle mense moet nie glo dat daar op die aarde `n ommekeer sal plaasvind wat die mense sal verander nie, dit wil sê laat beter word en daardeur `n verandering sal ontstaan nie. Hierdie moontlikheid is uitgesluit, want slegs `n daad van geweld kan die reiniging nog teweegbring. Die bokke moet van die skape geskei word en daar moet van God uit `n verandering veroorsaak word, want die mense is self nie meer daartoe in staat om in goeie vaarwater reg te kom nie. Hulle sink steeds verder af hoe langer die tyd duur. Daarom is die tyd ook vasgestel in God se verlossingsplan en word ook hieraan vasgehou. Want wat Hy in Sy wysheid as nodig ingesien en besluit het, staan vas en sal nooit verander word nie, omdat Sy Wysheid onoortreflik en Sy besluit onveranderlik is.

Daarom kan al die gebeure, wat met die omvorming in verband staan, van Sy kant af aan die mense geopenbaar word, en kan geloof geskenk word aan die profesieë wat steeds weer deur sieners en profete verkondig word aan die mense.

Dat die laaste oordeel en die hervorming van die aarde geen parallel sal vind in die gebeurtenisse wat tot dusver deur mense beleef is nie, gee julle nie die reg om aan te neem dat die profesieë verkeerd is nie. Maar die mense moet rekening hou met wat aan hulle verkondig word en wat hulle te wagte staan, en hulleself daarop voorberei. Want daar is nog `n kort barmhartigheidstyd wat nog benut kan word, en as die wil van die mens op aarde maar daarna streef om aan sy opdrag te beantwoord, dan hoef hy die einde ook nie te vrees nie. Want God sal elkeen help wat Hom aanroep en Hy gee dit steeds deur Sy woord aan die mense te kenne. Hy kondig wel die gebeurtenisse aan, maar Hy gee aan elke mens sy vrye wil, sodat hy ook sy eie lot in sy hande het.

AMEN

nadenke tot die waarheid te kom as hy ernstig wil. Geen mens word gedwing om homself die menings van mense of maghebbers sy eie te maak nie, aangesien elke gedagte vry is en hy ook sy verstand kan gebruik. Doen hy dit in verlange na waarheid en regverdigheid, dan word hy ook van My uit `n korrekte denke gewaarborg en hy sal in homself die waarheid vind. Daarom sal Ek steeds inwerk op die denke van die mense, deur onverwagte beproewinge, waarteen geen mens homself sal kan verweer nie, want nooit gee Ek die stryd om elke siel op nie.

Solank die mens op aarde leef, sal Ek hom ook geleentheid gee om tot `n korrekte insig te kom, maar dwang wend Ek nooit aan nie. Ook My teëstander kan nie deur dwang van My afkeer nie, selfs nie as aardse maghebbers dwangmaatreëls neem nie. Ek let slegs op die wil van die mens en die innerlike verhouding tot My, en elkeen wat `n toegewende gedagte na My ondervind, sal ook versterking kry wat die siel sal help van die loskom van My teëstander.

Maar `n buitengewone groot sukses sal nie meer te behaal wees nie. Vir My is elke siel wat nie meer in die diepste dieptes terugsink nie, egter `n wins en My Liefde sal daarom ook alles doen, om nog voor die einde, diegene te red wat nog nie heeltemal in die hande van My teëstander is nie; om aan hulle die geloof terug te gee in `n God en Skepper van die ewigheid, wat Sy geskapenes `n lewe in vryheid - krag en lig wil teruggee - wat hulle van die begin van die tye af besit het.

AMEN

WAARSKUWENDE WOORDE OOR DIE EINDE

BD 7211 - 19 November 1958

Berei julle voor op swaar beproewinge wat julle meer of minder sal tref, want steeds kom die einde nader. Daar moet nog op alle mense ingewerk word, sodat hulle ernstig oor die einde kan nadink, hetsy oor hulle eie lewenseinde of oor wat die hele wêreld te wagte staan. Hulle moet nou ernstig vermaan word om hulleself voor te berei, want daar bly vir hulle nie meer baie tyd oor nie. Sodanig verneem julle mense steeds weer van My self wat julle te wagte staan en julle doen daar goed aan om My woorde ter harte te

hulle lewenskragte maar net aards te gebruik en die Goddelik geestelike so ver van die mense af te hou, dat hulle hulleself nie die moeite gun om dit te bereik nie.

Hulle word direk of indirek deur hom bewerk, hy tree openlik op teen die geloof of bedek die mense so ryklik met aardse goedere dat hulle hulleself losmaak van My om nie van hulle aardse vreugde beroof te word nie - in die instinktiewe erkenning dat beide nie tesame kan gaan nie. Hulle gee My sonder nadenke op, want die wêreld trek en lok te verleidelik en dit kan hulle nie weerstaan nie. Dit bly ook meestal `n nuttelose poging om die mense anders te wil onderrig, want sulke waarskuwende stemme word oorstem deur die vyandige kant en word tot swye gebring, al is dit met geweld.

Die giftige saad word reeds uitgestrooi op die nog onbeboude land, en die kinders word reeds `n baie verkeerde voorstelling ingeprent van die doel van hulle bestaan. Elke teer plantjie wat homself tog nog tot die "lig" keer word verstik, dit word met vergiftigde saad ongeskik gemaak om te lewe.

Die mens word alreeds as kind `n verkeerde denke ingeprent, en My teëstander verstaan dit presies om deur vaardige spraak, geloofwaardig oor te kom. En waar sluheid nie voldoende is nie, daar help geweld, want hy beheers elke maghebber wat veld wen waar geen vaste fondament van die geloof gebou was wat by elke stormloop kon standhou nie!

Maar Ek self spreek ook `n harde en duidelike taal. Eers deur tragiese gebeurtenisse van allerlei aard, wat aan elke mens die verganklikheid van die aardse geluk en van aardse besittings sal toon. En Ek sal nog baie duideliker spreek, maar tog net sukses hê by diegene wat nog nie heeltemal ten offer geval het aan My teëstander nie. Tallose mense beëindig hulle aardse lewe in hul goddelose toestand en word so omring deur `n duisternis wat ondeurdringbaar en vir julle mense onvoorstelbaar is, ofskoon hulle dit vir hulleself geskep het. Dit is die onvermydelike gevolg van hulle ongeloof in `n God en Skepper; dit is die lot wat alle mensesiele te wagte staan wat hulleself aan My teëstander oorgegee het en wat die verwydering van My nie wil herstel nie.

Maar dit is hulle eie skuld, want elke mens is in staat om deur

WEER NET SOOS VOOR DIE TYD VAN DIE SONDVLOED

BD 8754 - 16 Februarie 1954

Dit sal weer `n tyd wees soos voor die sondvloed. Weer sal die mense oorloop van vreugde en hulle aardse lewe geniet. Weer sal hulle strewe na meer - en die hoogste doeleindes wil bereik, hulle denke sal egter slegs aards-materieel geoordeel wees. Weer sal die sonde die oorhand kry en die mense sal duidelik dienare van Satan wees; die waarheid sal uitgelag en die dwaling aanbid word. Na God se stem sal nie geluister word nie, maar vir die stem van Satan sal die menseharte geopen wees. En so sal hulle steeds net die bose doen en voortdurend die ewige orde oortree. Hulle sal sonder liefde wees en in plaas daarvan `n vergrote eieliefde besit. Hulle sal altyd vir hulleself werk en sorg en by die nood van die medemens sonder erbarming verbygaan.

Maar ook dié tyd is vooruit verkondig en dit sal kom soos wat die een dag op die ander volg, want eenmaal word die toekoms teenwoordige tyd en eendag word alle voorspellings vervul. Julle mense staan voor die einde, en daar sal geen langdurige tyd meer verbygaan nie.

En daarom moet julle almal nog ywerig besig wees, julle, wat julleself aangebied het vir die arbeid in die wingerd van die Heer. Julle moet alles doen wat moontlik is om julle medemens in te lig, en vir daardie doel word julle van Bo geestelik goed toegerus wat waarlik geskik is om die mense tot besinning te bring as hulle maar ernstig daaroor wil nadink. En God kan alle menseharte deurgrond en ook sien wie nog te red is. En vir daardie weiniges stuur Hy Sy bodes uit wat hulle die woord moet bring wat hulle volle opheldering skenk en hulle ook die riglyne vir `n korrekte lewens-wandel aangee. En om Sy woord aan te neem, beteken reeds redding uit die duisternis en redding van ondergang, want wie die woord van God aanneem sal seker daarmee ook alles ontvang wat hy nodig het. Hy sal vol wees van lig en krag en niks kan hom dus meer verskrik wat van die kant van die vyandige geestelike op hom sal afstorm nie.

En julle twyfel nie meer daaraan nie wanneer julle rondkyk in die wêreld, wanneer julle die dryfveer van die kinders van die wêreld en al die wêreldgebeure kan nagaan, wat waarlik sulke afmetings aangeneem het dat slegs `n geweldige vernietigingswerk van God die mense nog sal kan wakker skud.

Kan julle glo dat die aktiwiteit van die teëstander sal afneem, dat hy die heerskappy wat hy eens by die mense verkry het, weer sal opgee? - Kan julle glo dat die mense van hierdie tyd hulle egoïsme sal bestry en hulleself as hulp bereid sal stel en hul tot hul medemens sal wend, dat hulle die liefde in hulleself sal ontsteek en hulleself met God in verbinding sal stel? - Daarmee sal maar weiniges slaag en hulle behoort tot Syne wat Hy aan die einde van die dae sal wegneem, om as stamouers van die nuwe mensegeslag die nuwe aarde te bewoon - soos wat dit steeds nog verkondig was.

Maar die getal van hulle sal gering wees en die doel van die arbeiders in die wingerd van die Heer moet wees om die aantal te vergroot, en om al die bekwame mense nog tot verandering aan te spoor, sodat die oes in die einde nie te gering sal wees nie. Maar die einde kom onherroeplik, al is die tyd en die uur nog onbekend vir die mense. En al is die korrekte tyd nooit deur God aan julle gegee nie, so kom dit tog met groot snelheid nader, want dit is sedert die ewigheid vasgestel.

Steeds dringender sal julle vermaan word om julleself op die einde voor te berei, omdat julle nog die moontlikheid het om julleself te verander en julle by julle God en Skepper aan te sluit, wat vir julle as Vader wil verbly met `n ewige lewe. Julle moet natuurlik julle daaglikse werk verrig, omdat julle nie die dag en die uur van die einde weet nie, maar julle moet rekening daarmee hou dat daar vir julle nog maar weinig tyd oorbly - aangesien julle andersins nie steeds dringender op die einde gewys sou kan word nie.

Gee slegs ag op al die voortekens, want dit sal wees net soos voor die sondvloed. Die mense sal gier na genoegdoening en voortdurend deur die teëstander aangespoor word tot `n tugtelose lewe, tot sonde en misdade van allerlei aard. En die mense sal hom geheel terwille wees, omdat hulle self nie die krag sal hê om hulleself teen hom te verset nie en omdat hulle geen beroep doen

word. Want uit die geestelike ryk sal die siele nog invloed kan uitoefen op die mense van die aarde, en menige afgeskeide siel sal slaag om die bewussyn van die agtergeblewenes te verander en op die geestelike ryk te rig. Dan was die leed ook weer `n barmhartigheid wat redding sal bring aan baie siele. Mense - gee ag op dit alles en verwag van die toekoms geen verbetering van julle aardse welstand nie, want dit sou vir julle geen goeie teken wees nie, tensy julle al aan My kant staan en bewustelik die laaste tyd beleef. Maar die meeste mense moet Ek hard aanvat om hulle teen die ergste te behoed - teen die stort in die diepte as die einde gekom het.

AMEN

ONGELOOF VOOR DIE EINDE - AKTIWITEITE VAN SATAN

BD 7074 - 27 Maart 1958

Die mensdom sal in goddeloosheid ten gronde gaan, aangesien hulle duidelik ondersteun word deur My teenstander, (soos wat die wêreldse aan mag en rykdom aan roem en wetenskap) toeneem. Want dit alles is en bly enkel wêreldse gewin, wat nie bestendig is nie. Dit laat die siel nie alleen in armoede en gebrek nie, maar plaas haar weer terug in die lot wat vir haar `n eindelose lang tyd `n toestand van ellende was.

Die mense wil `n God en Skepper verloën. Hulle is oortuig van hulle eie krag en intelligensie en skryf elke aardse sukses toe aan hulle eie denke en werk en word tog net gelei deur hom wat My uit die harte en gedagtes wil dring.

Hulle glo nie aan `n God nie, hulle glo ook nie aan `n werklike bestaande Satan nie en bevind hulleself tog in sy mag. Maar wanneer dit sover gekom het dat elke geloof verdwyn het, omdat die mense alleen nog in die goddelose rigting beïnvloed kan word, dan het die tydstip ook gekom waarop die aktiwiteit van die teëstander beëindig gaan word. En alle tekens is aanwesig dat My teëstander die wêreld beheers, dat hy die mense aanspoor om

ontsluit gaan word, en daarna mag vurig verlang word deur die wat MYNE is.

Maar waar die mensdom in sonde sal leef, sal vooruitgang ook te sien wees, maar egter van teenoorgestelde werking, want hulle vooruitgang is `n middel van Satan wat mense meer en meer volgsaam aan hom maak. Dit is die koopprys vir hulle siele, wat weer verlore gaan vir `n ewige lang tyd. Wanneer julle mense die wêreldse vooruitgang sal bemerk, weet dan, dat die einde nie meer veraf is nie. Julle sal dit vasstel daar waar geen geloof en geen liefde sal wees nie, waar My teëstander duidelik sal heers en waar daar sonder bedenkinge teen die geloof en teen MYNE opgetree sal word.

Daarom sal daar in die hele wêreld die grootste ellende naas `n sondige luukse lewe te vinde wees, en in die hele wêreld sal die liefdeloosheid die oorhand kry en die liefde sal verdruk word. In die hele wêreld sal die sug na materie duidelik te siene wees, en hulle wat strewe na die geestelike sal vyandig behandel word. Oral sal vernietiging in klein en groot omvang te siene wees, oral sal daar `n ongewone omwenteling waargeneem kan word, hetsy natuurlik of menslik veroorsaak. Alles sal uit sy baan losbreek en daar sal dinge gebeur waarvoor niemand `n verklaring kan vind nie. Daar sal duidelik kragte aan die werk wees wat die mense vrees sal injaag, omdat hulle magteloos daarteenoor sal voel. Op elke wyse sal daar ingewerk word op die besluitloses, want hulle wat in sonde voortlewe, sal sulke gebeurtenisse van hulleself afstoot en hulle sal hulleself nie in hulle lewenswandel laat steur nie. Hulle sal hoon en lag en sal redevoeringe hou teen God op 'n onbeskryflik ligsinnige manier. En almal wat wêreldsgesind is, sal hiermee saamstem, want die materie het hulle vas en laat hulle nie meer los nie. Hulle poog om vir hulleself besit, roem en aansien af te dwing, hulle deins nie daarvoor terug om hulle medemens te verraai nie en om hulle aan die ellende oor te lewer, sal aan die orde van die dag wees.

Die wêreld is vol duiwels en kan nie langer bly bestaan nie. Ek ken egter elke siel en Ek roep nog baie op voordat die einde sal kom. Ook die baie plotselinge sterftes beteken vir die mense `n beangste tyd en groot leed, waardeur ook nog sommige sukses behaal kan

op die barmhartigheid van die Verlossingswerk van Jesus Christus nie, wie vir hulle `n versterkte wil verwerf het deur Sy dood aan die kruis. Skynbaar sal die mag van God se teëstander groter wees as die mag van God, wanneer die sataniese vlak van die mense en hulle doen en late as maatstaf geneem word. En tog is die vrye wil van die mense alleen maar die aanleiding van sy groot mag. Maar God self gebied hom om te stop wanneer hy sy mag oorskry, wanneer hy teen God Self optree en Hom in Jesus en Sy Verlossingswerk heeltemal probeer uitroei. Want dan sal die lig van die ewigheid SELF die duisternis deurbreek, dan sal Jesus Self kom in die wolke en die skare van gelowiges wat Hom trou gebly het tot die einde van die aarde wegneem.

Hy sal hulle wegneem voor die oë van die mense wat deur Satan regeer word en hierdie mense sal aan `n sekerlike dood oorgelewer wees. Want dan sal die aarde oopskeur en almal opneem wat gefaal het in hulle laaste lewensproef op aarde, en sal daarom opnuut gekluister word in die skepping van die nuwe aarde.

Hoe ongelooflik dit vir julle ookal mag wees, julle moet dit as waarheid aanneem en julle mag nie glo dat julle nog baie langer op die aarde gaan bly nie. Vinniger as wat julle dink, sal die dag kom en geseënd is hy wat die waarheid vroeër aangeneem het as wanneer dit hom aangebied was deur julle, wat as troue arbeiders dien in die wingerd van die Heer.

Geseënd is hy wie sy lewe bewustelik op aarde lei, bewustelik homself na God toe keer en wat trag om sy doel op aarde te bereik. Hy sal deur alle versoekinge gelei word en ook teen die aanvegtinge van God se teëstander weerstand kan bied, want hy het slegs mag oor die mens wanneer hy self vir hom die mag gee. Nooit sal hy die mens kan dwing om van hom afhanklik te wees wie se wil aan sy God en Skepper toebehoort nie, wat hy as sy Vader erken het en slegs na Hom toe streef. Omdat die mensdom God se teëstander verhef het op die troon, sal hulle ook deelneem aan sy lot wanneer hy in kettings geslaan en in die duisternis gewerp word.

Ook sy aanhang sal weer gekluister word in die materie en nog eenmaal die weg van ontwikkeling moet aflê. En dit sal dus ook `n verandering van die gehele aardoppervlak vereis, `n vernietiging

van die skeppingswerk - sodat die geestelike daarin weer kan vry word en opnuut gevorm kan word in die skepping van die nuwe aarde. Want nooit staan God se ontwikkeling stil nie, steeds word nuwe moontlikhede geskape wanneer die geestelike as mens faal. Eenmaal moet elke siel die doel bereik, eenmaal sal elke siel tot lewe kom en die lewe vir ewig nie meer verloor nie.

AMEN

TEKENS VAN DIE EINDTYD

BD 4412 - 21 Januarie 1948

Ook dit is `n teken van die einde, dat die mense vyandig sal optree teen mekaar en geen liefde meer sal voel vir mekaar nie. Dat elkeen op homself bedag sal wees en hard en ongevoelig sal wees teenoor die nood van die medemens. Die liefde sal verkoel, en ook daaraan sal julle die naderende einde herken. En om die rede word God, wat die Liefde Self is, ook nie meer erken nie, want die mense is ver van die Liefde, omdat hulle Sy teëstander as hulle meester onderdanig is. Hy sal op sy mense inwerk en hulle tot steeds groter liefdeloosheid aanspoor. Oral sal stryd wees en die een sal die ander se vyand wees, want een sal die ander skade berokken. En die liefdeloosheid sal haarself sowel aards as ook geestelike laat geld, want naas die laste en ergernisse, wat deur die wil van die mense aan die medemens berokken word, sal ook geestelik `n groot verandering gesien kan word. Die liefdeloosheid verduister die geestestoestand van die mense en dit sal nie moontlik wees om met hom oor geestelike kwessies te spreek nie, of hom selfs te onderrig nie. Smadelik en uit die hoogte sal hulle antwoord gee of die verteenwoordigers van God afwys, smadelik en hooghartig sal hulle die Naam van God belaster en hulleself skuldig maak op `n manier dat die "toorn" van God hom sal agterhaal op die jongste dag.

Die een sal die vyand van die ander wees. Selde sal gelykgesinde gelowiges aan mekaar trou kan bly, sonder om deur die teëstanders van hulle geloof of van die geestelike, op elke wyse gekwel te word. En selfs by die nouste verhoudinge sal vyandelikhede aan die orde van die dag wees. Ontrou en verraad sal die mense wat aan mekaar trou moes bly en mekaar moes steun, uitmekaar dryf, en elke verhouding sal in gevaar wees om verbreek te word. Die liefde verkoel waar daar geen mense is wat met God verbonde is nie en wat nie die liefde beoefen deur mekaar te steun deur gemeenskaplike geestelike strewes nie. Dit sal `n bitter tyd wees vir almal wat gevoelvol is, en wat liefde of liefdeloosheid respektiewelik sal voel as saligheid of kwelling.

Ook moet julle daarop let en moeite daarmee doen om in die liefde te lewe, en ook vir julle deur liefdadigheid vriende te maak en alle vyandelikhede uit die weg te ruim. Julle moet die vyand deur versterkte liefde ontwapen en steeds julle blik Hemelwaarts rig tot Hom wat die liefde Self is, wat julle steun en beskerming gee teen elke aardse nood. Sy liefde is waarlik nie veranderlik nie en bly altyd en ewig dieselfde, soos wat dit was vanaf die begin. Dit sal ook nie verminder nie, maar egter sonder krag bly vir hulle wat deur hulle liefdelose innerlike die liefde van God verspeel; wat hulleself openlik tot Sy vyande verklaar en alles bestry wat na God wys, omdat hulle gebonde is aan Sy teëstander wat in die laaste tyd sal woed totdat hy deur God van sy mag beroof en in die afgrond gestort word op die dag van die oordeel.

AMEN

TEKENS VAN DIE EINDE

BD 5723 - 14 Julie 1953

Koester geen valse hoop vir julleself nie en verwag geen vooruitgang meer vir dit wat duursaam is nie. Alles wat julle besit en alles wat julle vir julleself verwerf het sal julle weer ontneem word, `n onmeetlike ellende sal oor die mense kom waar hulle hulleself ookal sal bevind - want dit loop na die einde toe. Waar die mense hulle hawe en goed behou en waar hulle aards skynbaar in sekerheid lewe, daar sal My arm met `n tugroede swaai oor die mense - want oral probeer Ek opvoedend op die mense in te werk, na gelang van hulle wil en lewenswandel. Niemand sal homself oor sy lewe kan verheug nie, behalwe die weiniges wat die korrekte insig sal hê, en hulleself daardeur ook durf verheug teen die einde. Die einde sluit `n tydperk af, waardeur `n nuwe lewe in die paradys